

## 15 Desember      Lukas 1:67-80; (Teks: Matt 2:1, 2)

### *Die hele wêreld in beweging*

Die Here het die wêreldtoneel gereed gemaak vir die geboorte van die ewige Lig Jesus Christus. Hiervoor bring Hy die hele wêreld in beweging.

Hy beskik die geweldige natuurverskynsel van 'n helder ster om vir die songod-verblinde mens opnuut lig te gee - 'n ster in die nag! Is dit nie tekenend van 'n nuwe lig in die nagduister van afgodedom nie?

Hierdie ster is duidelik in die Ooste gesien. In Babilonië sien ook die geleerde sterrekykers hierdie wonderverskynsel en word hulle deur God gedryf om na Bethlehem te gaan en hulde aan hierdie Koning van die Jode te bewys. Na jarelange onkunde en mites waarin hulle vasgevang was, staan hulle nou op die punt om die Ewige Lig tegemoet te gaan. En saam met hulle reis na Jerusalem, kom die hele wêreld in beweging. God bring deur sy Seun die ganse aarde in beroering. Nou is dit nie meer die "stilstand" van die son nie, maar die "beweging" van die ster van Jesus - Goddelike beweging!

God gaan aan die ganse wêreld 'n antwoord gee - en dit gaan 'n ander antwoord wees as die heidene s'n wat met vure in die sneeu en groen bome 'n kunsmatige warmte en lewe vir hulle songod Mithras wou skep.

Die Here beskik nou die ware warmte van Jesus Christus die Verlosser en sy ware lewe uit die sneeu-veryste sondedood. Die kreet om Gods redding, 'n redding wat die heidene nie met vure en kerse en boomtakke in die sneeu kon regkry nie, word nou deur God beantwoord in sy Seun, Jesus Christus. Deur Hom word 'n nuwe en 'n ewige en 'n lewende, warme verhouding tussen God en mens herstel - 'n verhouding wat nie elke jaar opnuut gesluit hoef te word nie, maar wat ewig is.

So maak God self die gebroke eenheid tussen sy skepsele en Homself heel, ja ook die gebroke eenheid tussen mense onderling.

Ds. D. Laufs (Alberton-Wes)